Netwerk 24 Maatskappye **Astral het min om oor te kraai**
Deur Vida Booysen 16 Mei 2016 15:37



Chris Schutte, uitvoerende hoof van Astral Foods. Foto

Die Suid-Afrikaanse pluimveebedryf se sappigste handelstydperk is gewoonlik oor Kersfees – maar die afgelope Kersfees was daar min om oor te kraai. In die res van die jaar is daar ook min los korreltjies wat opgepik kan word, waarsku Chris Schutte, uitvoerende hoof van die pluimvee- en voerprodusent Astral Foods.Die groep se inkomste het in die ses maande tot Maart met net 1% tot R5,82 miljard verhoog, terwyl sy bedryfswins in dieselfde tydperk met 22% tot R429 miljoen teruggesak het.

Faktore soos die droogte wat voerpryse die hoogte laat inskiet het, die land se verbruikers wat hul sente omdraai en die hoë vlakke van ingevoerde hoender het die plaaslike bedryf onder druk geplaas. Selfs faktore soos die afleggings en stakings in die mynbedryf het die plaaslike hoenderbedryf se verkope onder druk geplaas."Hoendermaatskappye is deel van 'n hele waardeketting waar elke deelnemer sy toegevoegde waarde van die volgende skakel in die ketting verhaal, maar die eindverwerker moet al die bygevoegde koste van die verbruiker verhaal, wat nie op die oomblik prysverhogings kan bekostig nie."Schutte waarsku dat die duur mielies wat tans ingevoer word, nog nie behoorlik "deur die stelsel gewerk het nie" en dat die pluimveebedryf nog tot Mei volgende jaar baie duur vir sy voer sal moet betaal."Dis veral die kleiner toetreder tot die bedryf wat op die oomblik baie swaar kry, veral met die sterk mededinging van ingevoerde hoenderprodukte," sê Schutte.Dit begin ook nou duidelik word dat die oopstelling van die Suid-Afrikaanse pluimveemark vir ingevoerde hoenderstukke uit die VSA die plaaslike mark knou. Daar is reeds heelwat ingevoerde hoender uit Brasilië en die EU ook in die mark, wat beteken dat plaaslike produsente sukkel om hul eie voorraad van die hand te sit.Die land het van Oktober tot einde Maart hoenderprodukte gelykstaande aan 7,7 miljoen hoenders per week ingevoer, wat 40% van die plaaslike produksie is, sê Schutte."Maar in Maart, toe die eerste Agoa-hoender ons rakke tref, het daardie persentasie drasties opgeskiet. Ons het uitgewerk dat 57 000 ton hoenderprodukte in daardie maand die land binnegekom het, wat gelykstaande is aan 10 miljoen hoenders per week. Ons verwerk plaaslik 19 miljoen hoenders per week, so die ingevoerde hoender het in Maart 55% van ons mark beslaan."Astral, wat handelsmerke soos Goldi, Earlybird en Meadow Feeds in sy stal het, verwag dat die res van die jaar steeds moeilik sal wees, hoewel sy voerafdeling vanjaar besonder goed presteer het en dit sy inkomste met 16,8% tot R3,46 miljard opgestoot het. Bedrywighede in die res van Afrika "trap water" met groei van net 0,8% tot R258 miljoen. Schutte waarsku dat handelsomstandighede in lande soos Zambië en Mosambiek vanjaar besonder taai is weens swak wisselkoerse en talle kragonderbrekings.

Die groep het 'n tussentydse dividend van 390c per aandeel verklaar.